



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders in die nasienriglyne aangedui, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die bewerking van daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui is in die nasienriglyne vir komponentdele in bewerkings wat nie deelpunte verdien nie, kan die metodepunt van die finale antwoord ook nie toegeken word nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui in die nasienriglyne, kan deelpunte toegeken word om die verskil in kwaliteit van kandidate se antwoorde te bepunt.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is. (maks -2 per V)
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek.
10. 'Bewerking' beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
Let wel: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees vlg. kandidaat se bewerkings (indien geldig) of vlg. nasienriglyne.
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook op verhoudings van toepassing.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding; s = oortollig

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1**1.1 INTERNE BEHEER****1.1.1**

Pearly, die boekhouer is verantwoordelik vir die prosessering en beheer van alle EFO-transaksies. Die interne ouditeur is bekommerd omdat daar geen verdeling van pligte is nie.

Verduidelik EEN rede waarom die interne ouditeur bekommerd mag wees oor die gebrek aan verdeling van pligte.

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 geen deelpunte nie

- Foute/verkeerde transaksies kan ongemerk verbygaan sonder dat 'n tweede persoon die transaksies verifieer. / Om 'n enkele persoon te hê vir beide verwerking en beheer van transaksies skep 'n risiko van foute of bedrog.
- Risiko van bedrieglike transaksies.
- Sonder verdeling van pligte mag magsmisbruik plaasvind.

2

1.1.2

Baie klante verkies om kontant te betaal, maar Dlamini wil sy besigheid heeltemal kontantloos bedryf.

- **Identifiseer EEN potensiele probleem.**
- **Identifiseer EEN voordeel van die gebruik van EFO's, behalwe dat dit vinnig en tydbesparend is.**

PROBLEEM

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 geen deelpunte nie

- Huidige klante, wat gewoon is om met kontant te betaal, kan huiwerig wees om oor te skakel – kan klante verloor.
- Uitsluiting van sekere klante – Sommige klante het dalk nie bankrekeninge/ bankkaarte/aanlynbankdienste nie.
- Verhoogde bankkoste – EFO-transaksies kan met bankfooie gepaardgaan.
- Tegnieuse probleme – As die EFO-stelsel afgaan, kan die besigheid sukkel om betalings te verwerk.

VOORDEEL

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 geen deelpunte nie

- Verminder die risiko van diefstal en bedrog.
- Elimineer behoefte aan kontanthantering en berging.
- Elektroniese rekord van transaksies vir maklike opsporing en rekonsiliasie.
- Minder administratiewe koste (geen kontantstelling, kluipe of kontant-vervoerdienste nodig nie).
- Betaling/kwitansies is onmiddellik / rekening word onmiddellik opdateer
- Goedkoper bankkoste

4

1.2 BANKREKONSILIASIE

1.2.1

KONTANTONTVANGSTE- JOERNAAL	
R90 850	
450	✓
28 500	✓
119 800	

✓* Beide totale

KONTANTBETALINGS- JOERNAAL	
R85 750	
(25 700 – 23 700)	
2 000	✓✓
3 500	✓
10 780	✓
980	✓
10 000	✓✓
113 010	

10

-1 (maks. -1) vreemde / oortollige items (slegs indien punt(e) elders vir dieselfde bedrag verdien is) Waar die metodepunt vir totale toegeken word, maak seker dat kandidaat nie volpunte kry wanneer verkeerde bedrae ingesluit is nie. Dui aan met 'n ☒ (Riglyn 12).

1.2.2

Bereken die saldo van die Bankrekening in die grootboek op 31 Augustus 2025.

-700 ✓ +119 800 ✓* – 113 010 ✓* = 6 090 ✓ (Een deel korrek)

*Sien 1.2.1

4

1.2.3 BANKREKONSILIASIESTAAT

	DEBIET	KREDIET
Saldo volgens bankstaat (balanserende bedrag)	1 240 ✓*	
Uitstaande deposito		31 450 ✓
Uitstaande EFO: Nr. 401	16 500 ✓	
Nr. 419	8 600 ✓	
Regstelling van Bankkoste		980 ✓
Saldo volgens bankrekening	6 090 ✓	
-1 Aanbieding (verkeerde/ een besonderhede gegee)	32 430	32 430

6

*Bewerking, een deel korrek. Beide totale moet dieselfde wees.

-1 (maks -1) vreemde / oortollige items (slegs indien punt(e) elders vir dieselfde bedrag verdien is)

OF

1 kolommetode –

Merk slegs een opsie; kies die opsie wat kandidaat bevoordeel.

	Opsie 1	Opsie 2
Saldo volgens bankrekening	6 090 ✓	(6 090) ✓
Uitstaande EFO: Nr. 401	16 500 ✓	(16 500) ✓
Nr. 419	8 600 ✓	(8 600) ✓
Uitstaande deposito	(31 450) ✓	31 450 ✓
Regstelling van Bankkoste	(980) ✓	980 ✓
Saldo volgens bankstaat	1 240 ✓*	(1 240) ✓*

6

*Bewerking, een deel korrek

1.3 KREDITEUREREKONSILIASIE

Nommer	KREDITEUR- GROOTBOEK	KREDITEUR- REKONSILIASIESTAAT
Opening- saldo's	25 670 ✓	28 155 ✓
A		- 480 ✓✓
B	(-9 500 + 5 900) (2 of 0) -3 600 ✓✓	
C	(-620 – 620) Een punt elk -1 240 ✓✓	
D	+5 500 ✓	
E	+6 870 ✓	
F	+255 ✓	
G		Een punt elk indien tekens korrek is (+8 700 - 2 920) +5 780 ✓✓
Sluiting- saldo's	33 455 <input checked="" type="checkbox"/> *	33 455

14

-1 per reël vir vreemde / oortollige items (slegs indien punt(e) elders vir dieselfde bedrag verdien is)

*Bewerking, (een deel korrek)

TOTALE PUNTE	40
--------------	----

VRAAG 2

2.1 FRESH SIP KOELDRANK VERVAARDIGERS

2.1.1 Bereken die direkte arbeidskoste.

BEREKENING	ANTWOORD
$604\,800 + 235\,88 = 840\,000$ * ✓ <input checked="" type="checkbox"/> OF $604\,800 \times \frac{100}{72} = 840\,000$ * ✓ <input checked="" type="checkbox"/> $840\,000^{*(\text{sien hierbo})} \times \frac{8}{100} = \underline{67\,200}$ <input checked="" type="checkbox"/> (indien $\times \frac{8}{100}$) OF $604\,800 \checkmark \times \frac{100}{72} \checkmark \times \frac{108}{100} \checkmark$	907 200 <input checked="" type="checkbox"/> * * Een deel korrek

4

Bereken die verkoops- en verspreidingskoste.

Arbeid ($2 \times 2 \times R84\,000$)	336 000 ✓✓
Materiaalkoste $[73\,800 + 240\,000 - 85\,400]$ $228\,400 \checkmark \checkmark \times 20\%$	45 680 <input checked="" type="checkbox"/>
Huur ($R117\,000 \times \frac{2}{13}$)	18 000 ✓ <input checked="" type="checkbox"/>
Vraggeld	75 000 ✓
Oninbare skuld	8 000 ✓
Versekering ($R115\,375 \times \frac{12}{13} \times \frac{1}{5}$)	21 300 ✓ <input checked="" type="checkbox"/>
	503 980 <input checked="" type="checkbox"/> * * Een deel korrek

12

2.1.2 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

Direkte materiaalkoste	2 038 760
Direkte arbeid Sien 2.2.1(ii)	907 200 <input checked="" type="checkbox"/>
Primêre koste	2 945 960
Fabrieksbokoste	853 540
Totale produksiekoste	3 799 500 <input checked="" type="checkbox"/>
Goedere-in-bewerking (1 September 2024)	3 740 500 ✓
	7 540 000
Goedere-in-bewerking (31 Augustus 2025)	(3 650 000) ✓
Koste van produksie van klaar produkte	3 890 000 <input checked="" type="checkbox"/>

5

2.1.3 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
$4\,600\,400 \checkmark + 3\,890\,000 \checkmark - 5\,430\,000 \checkmark$	R3 060 400 <input checked="" type="checkbox"/> (Een deel korrek)

4

2.2 KAMP VERVAARDIGERS

2.2.1 Bereken die verkoopprys van elke produk op 30 Junie 2025.

BEREKENING		ANTWOORD
<p>[12 480 000/3 200]</p> <p>3 900 ✓✓ + 1 600 ✓</p> <p>OF</p> <p>✓ ✓ ✓</p> <p>12 480 000 = 3 200(VP - 1 600)</p>		<p>R5 500 ✓</p> <p>Een deel korrek</p>

4

2.2.2 Die besigheid het na sonkrag oorgeskakel en sodoende elektrisiteits-uitgawe en totale vaste koste verminder. Die vaste koste per eenheid het egter vermeerder. Verduidelik hoe hierdie situasie die dis-ekonomie van skaal illustreer. Haal syfers aan.

Verduideliking ✓✓

Syfers: Vergelyk produksievlak 2024 vs 2025 ✓✓ Moenie koste per eenheid as syfers (3 000 vs 3 200) aanvaar nie aangesien dit die gevolg is van verandering in vlak van produksie.

- Afname in produksie beteken dat vaste koste nou oor minder eenhede versprei word (4 700 in 2024 vs 3 900 in 2025), wat die vaste koste per eenheid verhoog.
- Besigheid verloor die kostevoordeel om op 'n groter skaal te produseer (4 700 vs 3 900), wat tot hoër koste per eenheid ten spyte van besparings op elektrisiteit lei.

4

2.2.3 Die eienaar is besorg oor die verhoging in direkte arbeidskoste per eenheid. Stel EEN moontlike rede voor vir hierdie verhoging, behalwe normale inflasie.

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 Geen deelpunte nie

- Meer oortyd
- Laer produktiwiteit – meer tyd per eenheid geneem as gevolg van ondoeltreffendheid
- Minder ervare werkers aangestel
- Masjien onklaarrakings – verhoogde arbeidstyd
- Verhoging in salaris sonder 'n toename in produktiwiteit (Nie net verhoging in salaris nie)

2

TOTALE PUNTE	35
--------------	----

VRAAG 3

3.1 BEGRIPPE

3.1.1	Koste van verkope	✓
3.1.2	Laer	✓
3.1.3	EIEU	✓

3

3.2 VOORRAADWAARDASIE

3.2.1 Bereken die totale waarde van eindvoorraad van foto-/videohokkies op 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
Selfie-fotohokkie $[15 - 2 - 10]$ $3 \checkmark \times R17\,600 = 52\,800 \checkmark$ $[20 - 15]$ $5 \checkmark \times R18\,000 = 90\,000 \checkmark$	R201 900 <input checked="" type="checkbox"/> (Een deel korrek)
360-videohokkie $[9 - 6] \checkmark \times [19\,500 + 200] \checkmark = 59\,100 \checkmark$	

8

3.2.2 Die waarde van die eindvoorraad van drukkers op 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
$120 \times 2\,000 = 240\,000 \checkmark$ $40 \checkmark \times 1\,875 = 75\,000 \checkmark$	R315 000 <input checked="" type="checkbox"/>

4

3.2.3 Bereken die koste van verkope van die drukkers vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

BEREKENING	ANTWOORD
$[720\,000 - 18\,750]$ $675\,000 \checkmark + 701\,250 \checkmark - 315\,000 \checkmark$ (sien 3.2.2) OF $[120 \times 1\,500]$ $[110 \times 1\,875]$ $675\,000 \checkmark + 180\,000 \checkmark + 206\,250 \checkmark$	R1 061 250 <input checked="" type="checkbox"/>

4

3.2.4

Bereken die bruto wins wat op die drukkers gemaak word.			
BEREKENING		ANTWOORD	
Verkope:	680 x R3 000 = R2 040 000 ✓ <input checked="" type="checkbox"/>	R978 750 <input checked="" type="checkbox"/>	
Koste van Verkope:	= (R1 061 250) <input checked="" type="checkbox"/>	(een deel korrek)	4

3.2.5

Verduidelik aan die eienaar waarom die boekhouer korrek optree wanneer hy die volgende berekening gebruik: $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{90}{1}$ in plaas van $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$. Haal syfers aan deur die aantal dae/maande te gebruik.		
Enige EEN kommentaar ✓✓ Syfers ✓ <ul style="list-style-type: none"> Die finansiële jaar is 12 maande, maar videohokkies is slegs tydens die laaste 3 maande verkoop. Die voorraadhou tydperk word bereken vir die spesifieke tydperk van verkope (90 dae), nie die volle finansiële jaar (365 dae) nie. Om die voorraadhou tydperk vir hierdie 3 maande akkuraat te bepaal, vermenigvuldig jy met 90 (die werklike aantal dae in die tydperk), nie 365 nie. Vermenigvuldiging met 365 sal die voorraadhouingstydperk vir die 3 maande van werklike verkope wanvoorstel. 		3

3.3

Identifiseer EEN verskillende probleem (insluitend syfers) vir elke produk en verskaf 'n oplossing vir elke probleem.			
	PROBLEEM ✓✓✓ MET SYFERS ✓✓✓	OPLOSSING ✓✓✓	
SELFONE	Vermiste geld, R70 000 (4 200 000 – 4 130 000) Kredietverkope baie hoër as kontantverkope (likiditeitskwessies) 4 800 krediet vs 1 200 kontant of 3 600 eenhede meer (75%)	Verdeling van pligte/ daaglikse bank van geld Verbeter fisiese sekuriteit Bevorder EFO-betalings deur aansporings soos korting te verskaf.	
SLIM-HORLOSIES	Stadige verkope-item / te veel voorraad voorhande (3 500 vs 2 000 opening) Aankope baie hoër as verkope (7 000/5 500)	Verander na 'n ander tipe horlosie. Adverteer meer om verkope te verhoog Koop voorraad volgens verkope. Verminder winsopslag%	
TABLETTE	Baie terugsendings, 1 000 OF 1 000 / 3 400 (29,4%)	Moontlike verandering na nuwe verskaffer Verseker dat hoë kwaliteit bestel word Bestel volgens klant-spesifikasies Kontroleer kwaliteit as voorraad afgelewer word	9

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1 FADA SE PAK EN DAS-WINKEL

4.1.1 BEREKEN DIE % VAN DEBITEURE:

(i)	Wat hul rekeninge in die tweede maand na die maand van die kredietverkooptransaksie sal vereffen.
BEREKENING	
$\frac{101\,250 \checkmark}{135\,000 \checkmark} \times \frac{100}{1}$	
ANTWOORD	
75 % <input checked="" type="checkbox"/> (Een deel korrek; x 100 nie een deel korrek nie)	

3

(ii)	Wat afgeskryf sal word as slegte skuld aan die einde van die derde maand na die maand van die kredietverkooptransaksie.
BEREKENING	
$\frac{[101\,250 + 29\,700] - [135\,000 - 130\,950]}{150\,000} \times \frac{100}{1}$	
ANTWOORD	
3% <input checked="" type="checkbox"/> (Een deel korrek; X 100 nie een deel korrek nie)	

3

4.1.2 Identifiseer TWEE items wat verkeerdlik in die Kontantbegroting aangeteken is. Gee EEN rede waarom hierdie items nie in 'n Kontantbegroting opgeteken word nie.

TWEE ITEMS
Korting ontvang ✓
Waardevermindering ✓
REDE ✓
Nie kontanttransaksies nie / Beïnvloed nie die kontantvloei nie.

3

4.1.3 BEREKEN DIE ONTBREKENDE BEDRAE

(i)	Kontantverkope	ANTWOORD
$450\,000 \times \frac{60}{100}$		270 000 ✓✓

2

(ii)	Rente op vaste deposito	ANTWOORD
$\frac{900 \times 12}{9} \times \frac{100}{1} = 120\,000 \checkmark$ $(120\,000 - 40\,000)$ $80\,000 \checkmark \times \frac{9}{100} \checkmark \times \frac{1}{12} \checkmark$		600 <input checked="" type="checkbox"/>

5

(iii) Betalings aan krediteure	ANTWOORD
$330\,000 \times \frac{100}{150} = 220\,000 \checkmark$ (koste van verkope) $220\,000 \times 95\% \checkmark$	209 000 <input checked="" type="checkbox"/>

3

(iv) Direkteursfooie	ANTWOORD
$216\,000 \times \frac{2}{3} \times \frac{115}{100} = 165\,600 \checkmark \checkmark$ $216\,000 \times \frac{1}{3} = \underline{72\,000} \checkmark$	237 600 <input checked="" type="checkbox"/>

4

4.2.1 BEGROTE SYFERS VERGELYK MET WERKLIKE SYFERS

<p>(i) Marike het 'n nuwe betaalmetode vir die verkoopspersone geïmplementeer. Verduidelik hoe hierdie verandering beide die besigheid en die verkoopspersone bevoordeel het. Haal syfers aan.</p> <p>BESIGHEID Verduideliking <input checked="" type="checkbox"/> Syfers <input checked="" type="checkbox"/></p> <p>Werklike verkope is R306 000 hoër as begrote verkope (816 000 – 510 000); verkope is 60% hoër as die begroting.</p> <p>VERKOOPSPERSONE Verduideliking <input checked="" type="checkbox"/> Syfers <input checked="" type="checkbox"/></p> <p>Alhoewel die salarisse van R80 000 tot R22 000 verminder is, het hulle 'n kommissie van R95 200 / R37 200 meer ontvang as die oorspronklike begrote bedrag vir salarisse / 46,5% meer.</p>	
---	--

4

<p>(ii) Identifiseer TWEE strategieë wat Marike gebruik het om verkoops-teikens vir September 2025 te verbeter, behalwe die betaling van verkoopspersone. Haal syfers aan.</p> <p>Strategie <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/> Syfers <input checked="" type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/></p> <p>Meer advertensies / Oorbesteding R18 000 (50%) (Begroot R36 000 bestee R54 000)</p> <p>Begin om aan kliënte te af lewer, R23 000, terwyl R0 begroot is</p>	
--	--

4

(iii) Ondanks die oorbesteding aan verpakkingsmateriaal is Marike nie bekommerd nie. Verduidelik die rede hiervoor. Haal relevante persentasies aan.	
Verduideliking van beide items ✓✓ d.w.s. verkope en verpakkingsmateriaal moet gemeld word Kandidate moet persentasies aanhaal ✓✓ / moet persentasies van hierdie twee items vergelyk om vol punte te kan verdien / indien totale aangehaal word, ken slegs een punt toe Verkope was 60% oor begroting, terwyl verpakkingsmateriaal slegs 25% oor begroting was. OF Verpakkingsmateriaal is op 5,8% van verkope begroot, terwyl werklike verpakkingsmateriaal slegs 4,5% van verkope was.	
<div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 20px; margin: 0 auto;"></div> <div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 20px; margin: 0 auto; text-align: center;">4</div>	

(iv) Lewer kommentaar oor die beheer van instandhouding van toerusting vir September 2025. Geen syfers word benodig nie.	
Kommentaar ✓✓ Enige EEN antwoord <ul style="list-style-type: none"> • Laer onderhoudsbesteding kan tot agteruitgang van bates lei, wat toekomstige herstelkoste verhoog. • Kan hoër waardeverminderingssuitgawes tot gevolg hê as slytasie van bates vinniger plaasvind. • Kan kostebesparende maatreëls aandui, maar risiko's verminder doeltreffendheid en produktiwiteit. • Kan besigheid se reputasie beïnvloed as toerusting of fasiliteite nie goed onderhou word nie. • Potensiaal vir hoër langtermynuitgawes as gevolg van groot herstelwerk of vervangings. 	
<div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 20px; margin: 0 auto;"></div> <div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 20px; margin: 0 auto; text-align: center;">2</div>	

(v) Die werklike bedrag wat aan verpakkingsmateriaal bestee word, sluit BTW teen 15% in. Bereken die BTW-bedrag.	
BEREKENING	ANTWOORD
$36\,915 \checkmark \times \frac{15 \checkmark}{115}$	R4 815 <input checked="" type="checkbox"/> Een deel korrek
<div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 20px; margin: 0 auto;"></div> <div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 20px; margin: 0 auto; text-align: center;">3</div>	

TOTALE PUNTE	40
---------------------	-----------

TOTAAL: 150